

# HIGHVELD
## STEEL AND VANADIUM CORPORATION LIMITED

**(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)**
**(Registrasienommer 1960/001900/06)**
**Aandelekode: HVL ISIN: ZAE000003422**
**("Highveld" of "die Korporasie")**

# Tussentydse verslag
## vir die ses maande tot 30 Junie 2008

**• Wesensverdienste het met 100 persent toegeneem**

**• Groepomset uit voortgesette bedrywighede het met 36 persent toegeneem**

## Groep-nagegane finansiële resultate

Die Groep se finansiële resultate vir die ses maande geëindig op 30 Junie 2008 wat hieronder uiteengesit word, is opgestel in ooreenstemming met die Groep se hoof-rekeningkundige beleide, wat voldoen aan Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde ("IFRS") en op die manier wat kragtens die Suid-Afrikaanse Maatskappywet vereis word en is in ooreenstemming met die vorige jaar se jaarlikse finansiële state, behalwe vir die Standaarde en Interpretasies soos hieronder gelys.

Hierdie resultate word aangebied ingevolge IAS 34 van toepassing op Tussentydse Finansiële Verslagdoening.

In die huidige jaar het die Groep al die nuwe en hersiene Standaarde en Interpretasies uitgereik deur die International Accounting Standards Board ("die IASB") en die International Financial Reporting Interpretation Committee van die IASB ("IFRIC") wat verband hou met sy bedrywighede en wat van krag is vir rekeningkundige tydperke beginnende op of na 1 Januarie 2008, aanvaar.

Die aanvaarding van hierdie nuwe en hersiene Standaarde en Interpretasies het gelei tot veranderinge in die groep se rekeningkundige beleide en word soos volg geopenbaar:

*IFRS 8 –* *Bedryfsegmente*

Die Groep het gekies om hierdie standaard vroeg te aanvaar met effek van 1 Januarie 2008. Die aanvaarding van hierdie standaard het gelei tot bykomende openbaarmaking vervat in die saamgevatte groepsegmentverslag.

*IAS 23 –* *Leningskoste (gewysig)*

Die Groep het gekies om hierdie standaard vroeg te aanvaar met effek van 1 Januarie 2008. Die vroeë aanvaarding het 'n verandering in die rekeningkundige beleid tot gevolg gehad maar het nie enige impak gehad op die resultate nie aangesien die Groep nie enige leningskoste aangegaan het op kwalifiserende bates vir die tydperk vanaf 1 Januarie 2008 nie.

*IFRIC 12 –* *Dienskonsessiereëlings*

Hierdie interpretasie het geen impak op die Groep se tussentydse resultate gehad nie, aangesien die Groep nie konsessiereëlings bedryf nie.

*IFRIC 14 – IAS 19 –* *Die Perk op 'n Omskrewe Voordeelbate, Minimumfinansieringsvereistes en hul Interaksie*

Hierdie interpretasie het geen impak op die Groep se tussentydse resultate gehad nie, aangesien die Groep geen planbates ten opsigte van aftreevoordele het nie.

Die IASB het Verbeteringe van IFRS – 'n versameling van wysigings van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde uitgereik ooreenkomstig sy jaarlikse verbeteringsprojek. Dit handel oor wysigings van sekere rekeningkundige standaarde vervat in hierdie dokument wat van krag is vir jaartydperke beginnende op of na 1 Januarie 2009. Die Groep is nie van voorneme om hierdie wysigings vroeg te aanvaar nie.

Ná die heraangewing en herklassifikasie soos aangekondig in die Desember 2007-jaarverslag, is die vergelykende inligting vir 30 Junie 2007 heraangegee.

Die impak van hierdie veranderinge in beleid word in aantekening 6 geopenbaar.

Die finansiële inligting is nagegaan deur Ernst & Young Inc. ooreenkomstig ISRE 2410 "Nagaan van Tussentydse Finansiële Inligting Uitgevoer deur die Onafhanklike Ouditeure van die Entiteit", wie se ongewysigde verslag ter insae beskikbaar is by die Korporasie se geregistreerde kantoor.

## Voorsitter se verklaring en Hoof Uitvoerende Beampte se Oorsig

### Strategiese rigting

Highveld is nou vir net meer as 'n jaar deel van Evraz Group S.A. en het nou 'n gefokusde produsent van staal en vanadiumhoudende slak geword, laasgenoemde deur sy staalvervaardigingsproses. Sy volgende doelwit is om sy staalproduksie te maksimaliseer, doeltreffendhede in die staalvervaardigingsproses te optimaliseer en om die produksie van vanadiumhoudende slak te verhoog. 'n Intensiewe program om 'n Totale Produktiewe Organisasie te word, word geïmplementeer met die hoofaandrywer die vermindering van "vermorsing" in die wydste sin van die woord en om mededingendheid te verbeter.

Alle bedryfsafdelings ondergaan evaluasie met die oog op verhoogde doeltreffendhede. Verdere organisatoriese veranderinge word ook in die vooruitsig gestel ten einde 'n skraler bestuurstruktuur te ontwikkel om verbeterde besluitneming te lewer. Diens aan ons kliënte is nog 'n belangrike fokus vir verbetering.

### Finansiële resultate

Die Korporasie het sy beste wesensverdienste ooit in enige sesmaandetydperk ervaar.

Wesensverdienste het toegeneem van R644 miljoen in 2007 tot R1 287 miljoen in 2008. Die verbetering was hoofsaaklik te danke aan beduidende prysverhogings vir beide staal- en vanadiumprodukte. Bedryfswins het met R881 miljoen gestyg tot R1 882 miljoen na 'n depresiasiedebiet van R129 miljoen (2007: R128 miljoen).

Wesensverdienste per aandeel het toegeneem van 649.2 sent in 2007 tot 1 297.7 sent in 2008.

Netto kontantuitvloei vir die tydperk was R98 miljoen, wat die kontant voorhande tot R670 miljoen verminder het van R768 miljoen op 31 Desember 2007. Die kontantinvloei uit bedrywighede het R1 680 miljoen beloop en dit is verminder deur belastingbetalings van R228 miljoen, dividendbetalings van R1 784 miljoen en kapitale besteding van R240 miljoen.

### Besigheidsrisiko's

Die beskikbaarheid van alle dienste wat deur die Staat voorsien word, is tans hoog op die lys van gebeurlikheidsrisiko's, met die betroubaarheid van elektrisiteitsvoorsiening, spoordiens en watervoorsiening synde die beduidendste op die mediumtermyn.

Die impak van infrastruktuurtekortkominge en gebrek aan vermoë in staatsverwante sektore van die Suid-Afrikaanse diensindustrie bied steeds ongeëwenaarde uitdagings aan besigheid. Hoewel dit onmoontlik is om die meerderheid hiervan op die korttermyn aan te spreek, bly dit krities dat die Regering, op alle vlakke, kapitaalinvestering prioritiseer om te help met verligting van druk op industrie, met verwysing veral na elektrisiteitvoorsiening en spoorinfrastruktuur.

In die eerste helfte van die jaar het Eskom 'n ernstige elektrisiteitsopwekkingskrisis ondervind wat gelei het tot die verklaring van force majeure. Ladingafwerping en aanvraagmarkdeelnameooreenkomste met Eskom gedurende Januarie en Februarie 2008 het gelei tot beduidende produksieverliese. Eskom en die Regering se kraginstanthoudingsstrategie, wat moontlike kragrantsoeneringswetgewing insluit, is 'n ernstige bron van kommer vir die toekoms.

Die betroubaarheid van munisipale watervoorsiening bly ook 'n bedreiging. 'n Aantal onbeplande watervoorsieningsonderbrekings het in die eerste helfte van die jaar voorgekom. Produksieverliese is egter nouliks voorkom.

Op 19 Junie 2008 het personeel van die Mededingingskommissie die Korporasie se kantoor besoek as deel van sy ondersoek na moontlike prysvasstelling in die staalindustrie. Die Korporasie het met die owerhede saamgewerk in die aangeleentheid deur alle inligting wat aangevra is, beskikbaar te stel.

### Bedrywighede

*Staal*

Wêreldproduksie van ru-staal het gegroei tot 'n jaarlikse tempo van amper 1.4 miljard ton in die eerste ses maande van die jaar, wat 'n styging van 5.7 persent is bo dieselfde tydperk verlede jaar. China is steeds die topprodusent met 263 miljoen ton vir die eerste ses maande van hierdie jaar, wat 9.6 persent hoër is vergeleke met dieselfde tydperk verlede jaar verteenwoordig nou 38 persent van globale staalproduksie.

Highveld se bruto gewalsde staalproduksie het met 7.3 persent gedaal vergeleke met die begroting. Produksie is negatief beïnvloed deur bedryfsonderbrekings as gevolg van elektrisiteitsvoorsieningsbeperkings, bedryfsprobleme en kapitale projekte wesenlike bydraende faktore. Wesenlike bydraende faktore tot die vermindering was probleme in Ystervervaardiging en Deurlopende Gietwerk met die Struktuurmeule en die Plaatmeule wat gely het as gevolg van gebrek aan voorraad van hierdie stroomopafdelings. Hierdie produksieprobleme het gelei tot 'n produksieverlies van 28 000 ton verkoopbare produk vergeleke met die begroting.

Die Korporasie se totale staalverkoopsvolumes in die eerste ses maande van die jaar het met 2.4 persent gedaal in vergeleke met die begroting. Binnelandse versendings het egter met 12 persent in vergeleke met die begroting gestyg. Highveld se prioriteit is om sy Suid-Afrikaanse kliënte te bevredig. Met aanvang van die nuwe kragstasie- en ander projekte, word geglo dat die binnelandse mark op die mediumtermyn sterk sal bly, ten spyte van afwaartse druk op die aanvraag vir struktuurstaal op die korttermyn.

Binnelandse en uitvoerpryse vir ons staalprodukte het in die eerste ses maande aansienlik gestyg ooreenkomstig internasionale tendense. Die Korporasie was egter nie in staat om volle voordeel uit die uitvoergeleentheid te trek nie as gevolg van produksieprobleme tydens die begin van die jaar, gekoppel aan sterk binnelandse aanvraag en gepaardgaande hoër pryse.

*Vanadium*

Die eerste ses maande van 2008 het 'n groot mate van volatiliteit in die mark getoon. Suid-Afrikaanse produsente is nadelig geraak deur kragonderbrekings as gevolg van onbestendige prestasie deur Eskom. Chinese produsente is ook nadelig geraak, eerstens deur onderbrekende weersomstandighede aan die begin van die jaar en daarna deur kragonderbrekings. Dit het daartoe gelei dat aanvraag aanbod oorskry het met pryse wat 'n hoogtepunt van VS$90 per kg V vir ferrovanadium bereik het.

Die Hochvanadium-gesamentlike onderneming in Oostenryk het goed presteer en verkoopsvolumes in die eerste ses maande het die begroting met 3.8 persent oortref.

Produksie by Vanchem in die eerste ses maande was slegs ongeveer 80 persent van verwagte volumes. Vanchem is in die tydperk besonder nadelig geraak deur kragonderbrekings in die vorm van ladingafwerpings. Smeltoondonderbrekings weens niedeurlopende bedrywighede het ook doeltreffendhede nadelig beïnvloed.

Goeie vordering is by Vanchem gemaak met die implementering van die Geïntegreerde Water en Afvalbestuurplan, met 'n aantal projekte wat reeds ver gevorderd is of bykans voltooi is.

### Veiligheid, gesondheid, omgewing en kwaliteit

Geen beduidende ongelukke is in die eerste helfte van die jaar aangeteken nie. Met soveel aandag wat op veiligheid en gesondheid gevestig is, is dit aangenaam om 'n bestendige vermindering in die Korporasie se verloretydbeseringsfrekwensiekoers van 0.66 in Januarie 2008 tot 0.49 in Junie 2008 te rapporteer.

Highveld monitor steeds die gesondheid van sy arbeidsmag en kontrakteurs en bedryf 'n reeks programme vir bedryfsgesondheid, wat MIV- en persoonlike gesondheid insluit. Dit is verblydend dat geen aanmeldbare bedryfsiektes aangeteken is nie.

Die Korporasie se program vir geïntegreerde water- en afvalbestuur en emissiebeheerverbetering duur voort. Met die tekort aan elektrisiteit in Suid-Afrika, word alternatiewe om energiebewaring te verbeter of om energie intern te genereer, ondersoek.

Die Omgewingsbestuurinspektoraat ("OBI") van die Departement van Omgewingsake en Toerisme ("DOT") het in Junie 2008 'n verslag uitgereik aangaande sy besoek aan die Staalwerke in November 2007. Die inspeksie het deel gevorm van "Operasie Ferro", 'n nasionale omgewingsnakomingsveldtog gefokus op die yster-, staal- en ferrolegerings-industrie. 'n Toepaslike antwoord is aan DOT voorgelê.

Daarbenewens is 'n omvattende voorlegging aan DOT gestuur in antwoord op die OBI-verslag ten opsigte van die besoek aan Vanchem gedurende Augustus 2007. Daarna is 'n vergadering met DOT gehou waartydens die pad vorentoe bespreek is. Ten spyte van ondernemings wat gegee is, het DOT intussen aangedui dat dit 'n riglyn sal uitreik ingevolge die bepalings van die betrokke wetgewing. Samesprekings met DOT duur voort.

Aksieplanne, insluitende die nodige kapitaalbestedingsprogram, word geïmplementeer om te verseker dat al die probleme wat deur DOT uitgewys is, tot waar dit redelik prakties is, tot sy bevrediging aangespreek sal word.

Highveld het 'n geïntegreerde SHEQ-bestuurstelsel geïmplementeer. Die Korporasie is tans ISO 9001 en ISO 14001 gesertifiseer deur TÜV Rheinland.

### Vervreemding van beleggings

Die verkoop van Rand Carbide se bates (eiendom, masjinerie en toerusting en voorraad minus sekere werknemerverwante voorsienings) aan Silicon Smelters (Proprietary) Limited het op 1 Februarie 2008 van krag geword na regulatoriese goedkeurings. Die opbrengs van die verkoop van bates het R297 miljoen bedra en die nabelastingwins uit die transaksie was R182 miljoen. Die koper het 'n eis teen die Korporasie ingestel met betrekking tot 'n boustruktuuraangeleentheid.

Na die Transalloys-afdelingverkoop in 2007, het die nuwe eienaar ook twee eise teen die Korporasie aanhangig gemaak ten opsigte van die verkoopsopbrengs.

Die Korporasie bestry beide die eise van Rand Carbide en Transalloys en al die partye het ingestem tot arbitrasieprosesse soos waarvoor voorsiening gemaak word in die onderskeie verkoop-van-besigheidsooreenkomste.

Op 21 April 2008 het die Korporasie afdoende ooreenkomste aangegaan met Vanchem Vanadium Products (Proprietary) Limited, 'n filiaal van Duferco Investment Partners Inc, vir die verkoop van die Vanchem-afdeling en die aandeelhouding in South Africa Japan Vanadium (Proprietary) Limited ("SAJV"). Alle voorwaardes wat neergelê is, is nagekom met 'n effektiewe datum van 29 Augustus 2008.

### Kapitale uitgawe

Kapitale uitgawe aangegaan deur die Groep gedurende die tydperk, het R240 miljoen (2007: R275 miljoen) beloop, en die totale verbintenis ten opsigte van toekomstige kapitale besteding soos op 30 Junie 2008 is R669 miljoen vergeleke met R471 miljoen soos op 31 Desember 2007. Hierdie uitgawe sal gefinansier word uit interngegenereerde kontantvloei en leningsfasiliteite, indien vereis.

Die kapitale uitgawes is gemik op die vestiging van meer betroubare bedrywighede, stabilisering van aanleguitset en 'n bydrae tot hoër winsgewendheid.

### Swart ekonomiese bemagtiging

In die oorsigjaar is goedere en dienste ter waarde van R386 miljoen (2007: R277 miljoen) gekoop van 'n totaal van R135 miljoen (2007: 152) swart bemagtigingsondernemings.

Die Korporasie evalueer tans alternatiewe om die vereiste belang in Mapochs-myn aan 'n SEB-vennoot te verkoop om die omskakeling van sy ou orde mynregte te verseker.

### Direksie

Op 28 Maart 2008 het die voormalige Voorsitter van die Direksie, Leslie Boyd, na 'n kort siekbed heengegaan Sy toewyding aan, bydrae en verbondenheid tot Highveld sal lank onthou en gemis word. Hy is op 28 Julie 1972 tot die Direksie aangestel en het vanaf Junie 1983 tot Mei 2001 en weer vanaf Mei 2007 gedien as Voorsitter.

As die eerste Algemene Bestuurder het hy gehelp met die daarstelling van die eerste Staalwerke, sy bedrywighede opgebou en daarna om die Korporasie as Direksielid en Voorsitter gelei. Hy het onder beide Anglo American- en Evraz-besit op die Direksie gedien en sy ondervinding en integriteit was 'n onontbeerlike bydrae tydens die onlangse verandering van eienaarskap.

### Vooruitsig

Binnelandse aanvraag vir al die Korporasie se staalprodukte sal na verwagting op die korttermyn onder druk kom as gevolg van hoër as normale voorraadvlakke by handelaars. Internasionale aanvraag en pryse sal die Korporasie egter in staat stel om die res van sy produksie te verkoop ten spyte van inflasionêre druk wat beleggingsaktiwiteite in die buiteland in gevaar plaas.

Aanvraag vir vanadium behoort stabiel te bly en pryse sal na verwagting op huidige vlakke van ongeveer VS$60 per kg V bly.

Grondstofpryse behoort meer stabiel te word en 'n effense verlaging van pryse word voorsien.

Die Korporasie het 'n verhoging van meer as 27 persent in die koste van energie gekoop van Eskom, ondervind.

Arbeidskoste het gestyg teen 'n koers hoër as inflasie.

As gevolg van bostaande, tesame met algemene kosteverhogings en die onsekere vermoë om voort te gaan om die kosteverhogings aan die mark oor te dra, bly die kosterasionaliseringsprogram die hoogste prioriteit.

Op voorwaarde dat die Rand Dollar-wisselkoers voortgaan teen vlakke wat in die eerste helfte van 2008 behaal is, kan 'n klein verlaging in die finansiële prestasie ten opsigte van voortgesette bedrywighede vir die tweede helfte van die jaar verwag word.

Vir en namens die Direksie

| | | |
|---|---|---|
| JW Cambell | WG Ballandino | |
| *Waarnemende Voorsitter* | *Hoof Uitvoerende Beampte* | 25 Augustus 2008 |


**Direkteure:**
WG Ballandino *(Hoof Uitvoerende Beampte) (Italiaans)*, GC Baizini *(Italiaans)*, CB Brayshaw, JW Campbell, AV Frolov *(Russies)*, GA Mannina *(Switsers)*, BJT Shongwe en PS Tatyanin *(Russies)*

**Maatskappysekretaris:**
Mev CI Lewis

**Geregistreerde kantoor:**
Gedeelte 29 van die plaas Schoongzicht Nr 308 JS
Distrik eMalahleni, Mpumalanga
Posbus 111, Witbank 1035
Tel: (013) 690-9911 Faks: (013) 690-9033

**Oordagsekretarisse:**
Computershare Investor Services (Eiendoms) Beperk
Marshallstraat 70, Johannesburg
Posbus 61051, Marshalltown 2107
Tel: (011) 370-5000 Faks: (011) 688-5200

**Borg**
JPMorgan

# Tussentydse Verslag (vervolg) . . .

## Verkorte gekonsolideerde inkomstestate

| | Aantekening | Nagegaan vir die ses maande geëindig 30 Jun 2008 Rm | Heraangegee 30 Jun 2007 Rm | Geouditeer vir die jaar geëindig 31 Des 2007 Rm |
|---|---|---|---|---|
| **VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE** | | | | |
| Inkomste | | **3 915** | 2 741 | 5 378 |
| Bedryfswins voor waardevermindering | | **1 637** | 767 | 1 421 |
| Waardevermindering en skrapping van eiendom, masjinerie en toerusting | | **(129)** | (112) | (250) |
| Verandering in die geraamde nuttige lewensduur van eiendom, masjinerie en toerusting | | | (26) | – |
| Bedryfswins | | **1 508** | 629 | 1 171 |
| Rente en beleggingsinkomste ontvang | | **83** | 17 | 92 |
| Rente betaal | | **(15)** | (27) | (64) |
| Wins voor belasting | | **1 576** | 619 | 1 199 |
| Belastingdebiet | | **(553)** | (248) | (146) |
| Wins na belasting uit voortgesette bedrywighede | | **1 023** | 371 | 1 053 |
| **BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE** | | | | |
| Inkomste | | **902** | 1 159 | 1 780 |
| Bedryfswins voor waardevermindering | | **374** | 365 | 569 |
| Waardevermindering en skrapping van eiendom, masjinerie en toerusting | | | (16) | 6 |
| Verandering in die geraamde nuttige lewensduur van eiendom, masjinerie en toerusting | | | 23 | – |
| Bedryfswins | | **374** | 372 | 575 |
| Wins met verkoop van beëindigde bedrywigheid | | **217** | | 572 |
| Rente en beleggingsinkomste ontvang | | **3** | 3 | 5 |
| Finansieringskoste | | **(10)** | (28) | (4) |
| Wins voor belasting | | **584** | 347 | 1 148 |
| Belastingdebiet | | **(142)** | (74) | (298) |
| Wins na belasting uit beëindigde bedrywighede | | **442** | 273 | 850 |
| **TOTALE BEDRYWIGHEDE** | | | | |
| Inkomste | 4 | **4 817** | 3 900 | 7 158 |
| Bedryfswins voor waardevermindering | | **2 011** | 1 132 | 1 990 |
| Waardevermindering en skrapping van eiendom, masjinerie en toerusting | | **(129)** | (128) | (244) |
| Verandering in die geraamde nuttige lewensduur van eiendom, masjinerie en toerusting | | | (3) | – |
| Bedryfswins | | **1 882** | 1 001 | 1 746 |
| Wins met verkoop van beëindigde bedrywigheid | | **217** | | 572 |
| Rente en beleggingsinkomste ontvang | | **86** | 20 | 97 |
| Rente betaal | | **(25)** | (55) | (68) |
| Wins voor belasting | | **2 160** | 966 | 2 347 |
| Belastingdebiet | | **(695)** | (322) | (444) |
| Toeskryfbare wins | | **1 465** | 644 | 1 903 |
| **Basiese verdienste per aandeel** | | **Sent** | Sent | Sent |
| Uit voortgesette bedrywighede | | **1 032.0** | 373.2 | 1 061.9 |
| Uit beëindigde bedrywighede | | **445.4** | 276.0 | 857.5 |
| Uit totale bedrywighede | | **1 477.4** | 649.2 | 1 919.4 |
| **Basiese verdienste per aandeel – verwater** | | | | |
| Uit voortgesette bedrywighede | | **1 032.0** | 373.2 | 1 061.9 |
| Uit beëindigde bedrywighede | | **445.4** | 276.0 | 857.5 |
| Uit totale bedrywighede | | **1 477.4** | 649.2 | 1 919.4 |
| **Rekonsiliasie van wesensverdienste** | | **Rm** | Rm | Rm |
| Toeskryfbare wins | | **1 465** | 644 | 1 903 |
| Plus/(minus) nabelastinguitwerking van: | | | | |
| Wins met verkoop van beëindigde bedrywigheid (ingesluit koste t.o.v toekomstige verkoopstransaksies) | 7 | **(178)** | | (455) |
| Verswakkingsverliese erken | | | – | (7) |
| Netto wins met verkoop en skrapping van eiendom, masjinerie en toerusting | | **–** | – | 3 |
| Wesensverdienste | | **1 287** | 644 | 1 444 |
| **Wesensverdienste per aandeel** | | **Sent** | Sent | Sent |
| Uit voortgesette bedrywighede | | **1 032.0** | 373.2 | 1 058.0 |
| Uit beëindigde bedrywighede | | **265.7** | 276.0 | 398.8 |
| Uit totale bedrywighede | | **1 297.7** | 649.2 | 1 456.8 |
| **Wesensverdienste per aandeel – verwater** | | | | |
| Uit voortgesette bedrywighede | | **1 032.0** | 373.2 | 1 058.0 |
| Uit beëindigde bedrywighede | | **265.7** | 276.0 | 398.8 |
| Uit totale bedrywighede | | **1 297.7** | 649.2 | 1 456.8 |
| **Getal aandele** | | **Miljoen** | Miljoen | Miljoen |
| Gewone aandele uitgereik soos teen tydperkeinddatum * | | **99.1** | 99.1 | 99.1 |
| Geweegde gemiddelde getal gewone aandele* | | **99.1** | 99.1 | 99.1 |
| Verwaterde getal gewone aandele* | | **99.1** | 99.1 | 99.1 |
| **Dividende per aandeel – gegrond op kalenderwinste** | | **Sent** | Sent | Sent |
| **Spesiale dividend voorgestel en betaal** | | **1 800** | | |
| Finale dividend voorgestel en betaal t.o.v. 2006 | | | 350 | 350 |
| Spesiale dividend voorgestel en betaal | | | 100 | 100 |

*Afgerond tot naaste honderdduisend*

## Verkorte gekonsolideerde balansstate

| | Aantekening | Nagegaan soos op 30 Jun 2008 Rm | Heraangegee 30 Jun 2007 Rm | Geouditeer vir die jaar geëindig 31 Des 2007 Rm |
|---|---|---|---|---|
| **BATES** | | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | | **1 826** | 1 660 | 1 764 |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | | **1 825** | 1 654 | 1 763 |
| Omgewingstrust-beleggings | | **–** | 3 | – |
| Beskikbaar-vir-verkoop-beleggings | | **1** | 3 | 1 |
| **Bedryfsbates** | | **2 868** | 2 027 | 2 276 |
| Bates van verkoopsgroep geklassifiseer as gehou-vir-verkoop | 8 | **686** | 1 058 | 884 |
| **TOTALE BATES** | | **5 380** | 4 745 | 4 924 |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | | | |
| **Aandeelhouersekwiteit** | | **3 123** | 2 082 | 3 379 |
| **Nie-bedryfslaste** | | **734** | 556 | 723 |
| Langtermynlenings | | **–** | 1 | – |
| Langtermynvoorsienings | | **368** | 247 | 344 |
| Uitgestelde belasting | | **366** | 308 | 379 |
| **Bedryfslaste** | | **1 451** | 2 000 | 749 |
| Laste direk geassosieer met bates geklassifiseer as gehou-vir-verkoop | 8 | **72** | 107 | 73 |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** | | **5 380** | 4 745 | 4 924 |
| **Netto kontant/(lenings)** | 3 | **519** | (340) | 785 |
| Netto batewaarde – sent per aandeel | | **3 150** | 2 100 | 3 408 |

## Verkorte gekonsolideerde kontantvloeistate

| | Nagegaan vir die ses maande geëindig 30 Jun 2008 Rm | Heraangegee 30 Jun 2007 Rm | Geouditeer vir die jaar geëindig 31 Des 2007 Rm |
|---|---|---|---|
| Kontant beskikbaar uit bedrywighede voor belasting betaal | **1 680** | 1 068 | 1 922 |
| Belasting betaal | **(228)** | (258) | (665) |
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | **1 452** | 810 | 1 257 |
| **Kontantvloei uit/(aangewend in) beleggingsaktiwiteite** | **57** | (275) | 389 |
| **Netto kontantinvloei voor finansieringsaktiwiteite** | **1 509** | 535 | 1 646 |
| Netto kontantvloei uit/(aangewend in) finansieringsaktiwiteite, dividende betaal uitgesluit | **168** | (130) | (965) |
| Dividende betaal | **(1 784)** | (446) | (446) |
| **Netto (daling)/toename in kontant en kontantekwivalente** | **(107)** | (41) | 235 |
| Uitwerking van wisselkoerveranderinge op kontant gehou in buitelandse valuta | **9** | 10 | 22 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan begin van tydperk** | **768** | 511 | 511 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan einde van tydperk** | **670** | 480 | 768 |

## Verkorte gekonsolideerde state van erkende inkomste en uitgawe

| | Nagegaan vir die ses maande geëindig 30 Jun 2008 Rm | Heraangegee 30 Jun 2007 Rm | Geouditeer vir die jaar geëindig 31 Des 2007 Rm |
|---|---|---|---|
| Valuta-omrekeningsverskille | **64** | 6 | 47 |
| Billikewaarde-herwaardasie | **–** | – | (3) |
| **Netto inkomste direk in ekwiteit erken** | **64** | 6 | 44 |
| Toeskryfbare wins vir die tydperk | **1 465** | 644 | 1 903 |
| **Totale erkende inkomste en uitgawe vir die tydperk** | **1 529** | 650 | 1 947 |

## Verkorte groepsegmentverslae

Die Groep is georganiseer in besigheidseenhede gebaseer op hul produkte en het drie rapporteerbare segmente soos volg:

**Staalwerke**

Die hoofprodukte van die staalsegment is struktuurstaal, plaat, rol en vanadiumslak

**Vanadium**

Die hoofprodukte van die vanadiumsegment is vanadiumpentoksied, ferrovanadium en verskillende vanadiumchemikalieë

**Ferrolegerings**

Die hoofprodukte van die ferrolegeringsegment is ferrosilikon, sintel, ferromangaan en silikonmangaan

Geen bedryfsegmente is saamgetel om die bostaande rapporteerbare bedryfsegmente te vorm nie. Bestuur monitor die bedryfsresultate van sy besigheidseenhede apart vir doeleindes van die neem van besluite en bronnetoewysing. Segmentprestasie word geëvalueer gebaseer op bedryfswins.

Die volgende tabelle toon die inkomste en bedryfswinsinligting betreffende die Groep se bedryfsegmente:

Nagegaan vir die ses maande geëindig 30 Junie 2008

| | Voortgesette bedrywighede Staalwerke Rm | Vanadium Rm | Totaal Rm | Beëindigde bedrywighede Vanadium Rm | Ferrolegerings Rm | Totaal Rm |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Inkomste** | | | | | | |
| Inkomste uit eksterne kliënte | 2 612 | 1 303 | 3 915 | 882 | 20 | 902 |
| Tussensegmentinkomste | 342 | | 342 | 2 | 6 | 8 |
| **Totale segmentinkomste** | **2 954** | **1 303** | **4 257** | **884** | **26** | **910** |

Nagegaan vir die ses maande geëindig 30 Junie 2007 Heraangegee

| | Voortgesette bedrywighede Staalwerke Rm | Vanadium Rm | Totaal Rm | Beëindigde bedrywighede Vanadium Rm | Ferrolegerings Rm | Totaal Rm |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Inkomste** | | | | | | |
| Inkomste uit eksterne kliënte | 2 026 | 715 | 2 741 | 515 | 644 | 1 159 |
| Tussensegmentinkomste | 62 | | 62 | 1 | 58 | 59 |
| **Totale segmentinkomste** | **2 088** | **715** | **2 803** | **516** | **702** | **1 218** |

Geouditeer vir die jaar geëindig 31 Desember 2007

| | Voortgesette bedrywighede Staalwerke Rm | Vanadium Rm | Totaal Rm | Beëindigde bedrywighede Vanadium Rm | Ferrolegerings Rm | Totaal Rm |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Inkomste** | | | | | | |
| Inkomste uit eksterne kliënte | 3 929 | 1 449 | 5 378 | 957 | 823 | 1 780 |
| Tussensegmentinkomste | 135 | | 135 | 181 | 97 | 278 |
| **Totale segmentinkomste** | **4 064** | **1 449** | **5 513** | **1 138** | **920** | **2 058** |

Tussensegmentinkomste word by konsolidasie uitgeskakel.

| | Nagegaan vir die ses maande geëindig 30 Jun 2008 Voortgesette bedrywighede | 30 Jun 2008 Beëindigde bedrywighede | 30 Jun 2008 Totaal | Nagegaan 30 Jun 2007 Voortgesette bedrywighede | 30 Jun 2007 Beëindigde bedrywighede | 30 Jun 2007 Totaal | Geouditeer vir die jaar geëindig 31 Des 2007 Voortgesette bedrywighede | 31 Des 2007 Beëindigde bedrywighede | 31 Des 2007 Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bedryfswins** | | | | | | | | | |
| Staalwerke | 995 | | 995 | 419 | | 419 | 749 | | 749 |
| Vanadium | 513 | 343 | 856 | 210 | 335 | 545 | 422 | 458 | 880 |
| Ferrolegerings | | 31 | 31 | | 37 | 37 | | 117 | 117 |
| **Totaal** | **1 508** | **374** | **1 882** | **629** | **372** | **1 001** | **1 171** | **575** | **1 746** |

## Aantekeninge by die verkorte gekonsolideerde finansiële state

1. **Maatskappywet en JSE Beperk Noteringsvereistes**

Daar is deurgaans gedurende die verslagdoeningstydperke aan die Maatskappywet No. 61 van 1973 asook aan die Noteringsvereistes van die JSE Beperk voldoen.

2. **Verwantepartytransaksies**

Transaksies wat die Groep en sy verwante partye gedurende die verslagdoeningstydperke aangegaan het, was armlengtetransaksies tussen goed ingeligte, gewillige partye teen billike waarde.

3. **Netto kontant/(lenings)**

Netto kontant/(lenings) word bereken deur die finansiële bedryfshure (langtermynskuld) en die korttermynlenings (insluitende lenings ontvangbaar van filiale en gesamentlike ondernemings) af te trek van die kontant en kontantekwivalente

4. **Aanvullende inkomste-inligting**

| | | Ongeouditeer 30 Junie 2008 | Ongeouditeer 30 Junie 2007 | Ongeouditeer 31 Desember 2007 |
|---|---|---|---|---|
| **Verkoopsvolumes van belangrike produkte** | | | | |
| Totale staal | Ton | **366 859** | 381 657 | 730 228 |
| Vanadiumpentoksied (Vanchem) | kg $V_2O_5$ | **1 789 142** | 2 173 787 | 4 276 779 |
| Ferrovanadium en ferrovanadiumnitried | kg V | **3 801 365** | 3 907 417 | 8 723 085 |
| Vanadiumchemikalieë | kg $V_2O_5$ | **553 780** | 762 627 | 1 300 759 |
| Vanadiumslak | ton $V_2O_5$ | **6 830** | 6 903 | 14 243 |
| **Geweegde gemiddelde verkooppryse wat vir belangrike produkte behaal is** | | | | |
| Totale staal | $/ton | **846** | 702 | 731 |
| Vanadiumpentoksied (Vanchem) | $/kg $V_2O_5$ | **26** | 14 | 15 |
| Ferrovanadium | $/kg V | **58** | 34 | 35 |
| Vanadiumchemikalieë | $/kg $V_2O_5$ | **31** | 16 | 18 |
| Gemiddelde R/$-wisselkoers | | **7.65** | 7.17 | 7.06 |

5. **Finansiële verhoudings**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Bedryfskapitaalverhouding | **2.33** | 1.46 | 3.84 |
| Markkapitalisasie – Rm | **15 864** | 9 221 | 11 203 |

6. **Uitwerking van veranderinge in rekeningkundige beleid**

Die uitwerking van die veranderinge in rekeningkundige beleid op verdienste per aandeel vir die vergelykbare tydperk in 2007 is soos volg:

| | Basies sent | Basies – Verwater sent | Wesens sent | Wesens – Verwater sent |
|---|---|---|---|---|
| Verdienste per aandeel 30 Junie 2007 soos voorheen gerapporteer | 648.2 | 648.2 | 648.2 | 648.2 |
| Uitwerking van veranderinge in rekeningkundige beleid: | | | | |
| Ekwiteitverrekening van gesamentlike ondernemings | 2.0 | 2.0 | 2.0 | 2.0 |
| Werknemervoordele | (1.0) | (1.0) | (1.0) | (1.0) |
| **Verdienste per aandeel 30 Junie 2007 soos heraangegee** | **649.2** | **649.2** | **649.2** | **649.2** |

7. **Verkoop van beëindigde bedrywigheid**

Na die verkoop van die Rand Carbide-afdeling gedurende die oorsigtydperk, is die vergelykbare inligting vir Junie 2007 heraangegee soos vereis ingevolge IFRS 5 Niebedryfsbates Gehou Vir Verkoop en Beëindigde Bedrywighede.

8. **Verkoopsgroepe**

Ingevolge 'n mededingingsbeslissing van die Europese Unie word van Highveld vereis om die Vanchem-afdeling en sy belang in South Africa Japan Vanadium (Proprietary) Limited ("SAJV") te verkoop. Die Vanchem-afdeling en die belang in SAJV is as verkoopsgroepe behandel vir die tydperk tot 30 Junie 2008 en word as beëindigde bedrywighede gerapporteer. Die verkoopooreenkomste vir die Vanchem-afdeling en SAJV is gesluit en die ingangsdatum van verkoop vir die Vanchem-afdeling sal na verwagting 1 September 2008 wees. Die bates en verwante laste van hierdie verkoopsgroepe is soos volg:

| | Nagegaan 30 Junie 2008 Rm | Nagegaan Heraangegee 30 Junie 2007 Rm | Geouditeer 31 Des 2007 Rm |
|---|---|---|---|
| **Bates** | | | |
| Niebedryfsbates geklassifiseer as gehou-vir-verkoop | **549** | 560 | 573 |
| Bedryfsbates geklassifiseer as gehou-vir-verkoop | **137** | 498 | 311 |
| | **686** | 1 058 | 884 |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | | |
| Laste direk geassosieer met bates geklassifiseer as gehou-vir-verkoop | **72** | 107 | 73 |
| Die kontantvloei was soos volg: | | | |
| Kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite | **120** | 194 | 417 |
| Kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite | **(37)** | (75) | (117) |
| Kontantuitvloei uit finansieringsaktiwiteite | **–** | (62) | (66) |
| **Totale kontantinvloei** | **83** | **57** | **234** |

9. **Verkorte state van veranderinge in ekwiteit**

| | Aandele-kapitaal en -premie Rm | Omrekenings- en aandeel-gebaseerde betalings-reserwes Rm | Billike-waarde-reserwes Rm | Terug-gehoue wins Rm | Totaal Rm |
|---|---|---|---|---|---|
| **2007** | | | | | |
| Geldeenheidomrekeningsverskille | | 6 | | | 6 |
| Netto inkomste direk in ekwiteit erken | | 6 | – | – | 6 |
| Toeskryfbare wins vir die tydperk soos voorheen verklaar | | | | 643 | 643 |
| Totale erkende inkomste en uitgawes vir die tydperk | | 6 | – | 643 | 649 |
| Saldo op 31 Desember 2006 soos geouditeer | 585 | 54 | 3 | 1 243 | 1 885 |
| Dividende betaal | | | | (446) | (446) |
| Verandering in rekeningkundige beleid | | | | 1 | 1 |
| Erkenning van aandeelgebaseerde betalings | | (7) | | | (7) |
| Saldo heraangegee op 30 Junie 2007 – Nagegaan | 585 | 53 | 3 | 1 441 | 2 082 |
| Geldeenheidomrekeningsverskille | | 41 | | | 41 |
| Billikewaardeaanpassings | | | (3) | | (3) |
| Netto inkomste/(uitgawe) direk in ekwiteit erken | | 41 | (3) | – | 38 |
| Toeskryfbare wins vir die tydperk | | | | 1 259 | 1 259 |
| Totale erkende inkomste en uitgawes vir die tydperk | | 41 | (3) | 1 259 | 1 297 |
| Saldo soos op 31 Desember 2007 – Geouditeer | 585 | 94 | – | 2 700 | 3 379 |
| **Tussentyds – 2008** | | | | | |
| Geldeenheidomrekeningsverskille | | 64 | | | 64 |
| Netto inkomste direk in ekwiteit erken | | 64 | – | – | 64 |
| Toeskryfbare wins vir die tydperk | | | | 1 465 | 1 465 |
| Totale erkende inkomste en uitgawes vir die tydperk | | 64 | – | 1 465 | 1 529 |
| Saldo soos op 31 Desember 2007 – Geouditeer | 585 | 94 | – | 2 700 | 3 379 |
| Dividende betaal | | | | (1 785) | (1 785) |
| **Saldo soos op 30 Junie 2008 – Nagegaan** | **585** | **158** | **–** | **2 380** | **3 123** |

10. **Voorwaardelike aanspreeklikhede**

Soos vereis deur die Wet op die Ontwikkeling van Minerale- en Petroleumhulpbronne is 'n waarborg ten bedrae van R190 miljoen (2007: R176 miljoen) ten gunste van die Departement Minerale en Energie uitgereik vir die ongeskeduleerde sluiting van die Mapochs-myn